



RONDE STORIES VIR VIERKANTIGE BOEKRAKKE

DAAR IS NUWE
DRUKNAME IN DIE
LAPA-STAL WAT DIE
LEESAANBOD IN
AFRIKAANS NET NOG
OPWINDENDER MAAKI

Vra gerus 'n fotograaf: Tussen absolute wit en absolute swart lê miljoene kleure. Vra dan enige leser: Danksy swart (-erige) merkies op wit (-terige) papier kan 'n skrywer miljoene beelde in volkleur na 'n storieliefhebber se brein stuur.

Stories is magiese poorte na plekke in die heelal, na die verlede en beslis ook na die toekoms. By LAPA Uitgewers is Wenkbrou 'n splinternuwe druknaam vir lesers wat daarvan hou om uitgedaag te word, maar steeds lekker wil lees.

KLEURVOLLER AANBOD

LAPA kom van ver. Voor die Tweede Wêreldoorlog al het wyle Johannes Petrus van der Walt 'n publikasieprogram, Springbok-Biblioteek, onder die vaandel van die destydse Unie-Boekhandel begin. Tydens die oorlog het Springbok-Biblioteek voortgegaan met sy bedrywighede, hoewel die rantsoenering van papier enige groei

gekeer het. In 1958 het J.P. van der Walt se seun, Manie, as besturende direkteur aangesluit. In 1961 is die maatskappy herdoop na J.P. van der Walt en Seun (Edms.) Bpk. Dié naam sou baie jare sinoniem wees met klubboeke.

In Oktober 1996 het die ATKV die maatskappy gekoop. Die naam is verander na LAPA – 'n boekehuis waar lesers geborge kan voel. Dit gaan nie verander nie. Die druknaam LAPA bied steeds toeganklike werk van uitstaande gehalte en die ander drukname sal hierdie aanbod aanvul. Wenkbrou, gerig op die leeskringmark, is maar een voorbeeld.

Catalyst Press, nog 'n druknaam van LAPA, het 'n tweede tuiste in Los Angeles, in die VSA, waar boeke deur Afrika-skrywers gedruk en in die Amerikaanse en Kanadese mark versprei word. Catalyst Press het reeds vir Martin Steyn en Chanette Paul aan die VSA en Kanada bekendgestel. Jessica Powers, die pakkie dinamiet wat Catalyst Press uit die VSA bedryf, se Zoeloe is beter as die meeste Suid-Afrikaners s'n. Sy werk hard aan haar

Afrikaans en haar seun lees reeds ons *Tippie*-reeks. Boeke maak wêreld oop.

Onder die druknaam Imbali sal LAPA binnekort die internasionale #MeToo-veldtog help ondersoek en 'n kinderboek deur Sheila Cussons (ja, die digter), asook 'n roman deur François Bloemhof, *Dieretuin*, versprei.

Ook Afrikaans is nie net wit en swart nie. *Van Afrikaans gepraat*, die heerlike storieboek oor Afrikaans se komvandaan deur wyle prof. Christo van Rensburg, wys dat daar baie "bruin" in ons taal is. Dit word ook in Engels versprei as *Finding Afrikaans*.

Afrikaans, in al haar kleure, lê ons baie na aan die hart. Daarom was dit 'n voorreg dat LAPA Uitgewers die tweede jaar agtereenvolgens 'n Tinteltong-prys ontvang het as uitgewer wat Afrikaans bevorder.

Die prys, wat in Februarie oorhandig is, word jaarliks deur AfriVriendelik toegeken en is gegrond op 'n openbare stemming deur die lesende publiek.

Ons is nie draadsitters nie. Ons hardloop met ons taal, ons dans met ons taal. Tog, enige goeie skrywer



**WENKBROU IS 'N
SPLINTERNUWE
DRUKNAAM IN DIE
LAPA-STAL EN IS
GEMIK OP LESERS
WAT DAARVAN HOU
OM UITGEDAAG TE
WORD, MAAR
STEEDS LEKKER
WIL LEES.**

daag ook hierdie “maklike” idees uit.

SMIT MOTORS

Wenkrou se eerste roman, *Smit Motors* deur Réney Warrington, verskyn in Mei. Dit handel oor randfigure in ’n plattelandse dorpie. Petra Smit, ’n stadsmeisie, erf ’n eiendom by haar oupa, vir wie sy baie lief was, en besluit om te gaan kyk. Daar gekom, vind sy die plaaslike slagter staan reg om die plek te koop, maar hy is ’n vroueslaner en verwaarloos sy seun. Petra weier en ’n “oorloggie” breek uit. Sy besef die nuwe vriende wat sy in die dorp gemaak het, sal hul lewe vir haar gee, maar is dit die moeite werd?

Die lewe is, helaas, nie swart en wit nie. Leeskringe sal hulle kan verlustig in die skakerings en lae wat Warrington in die teks ingebou het, want enige teks het intertekste, en intertekste maak weer nuwe poorte na ander boekwêreldes oop.

Aan die einde van 2018 skryf Arthur van Amerongen in *De Volkskrant* ’n siniese stuk oor die moderne “dorpsroman” en “over de aantrekkingskracht van het Germaanse platteland op grootstedelike Grünen-hipsters die op zoek gaan naar het verlorene – wat dat ook moeg wezen”. Hy verwys na die topverkopers *A Year in Provence* (Peter Mayle) en *Driving Over Lemons* (Chris Stewart) – albei neem hy met ’n knippie sout.

Suid-Afrika deel hierdie internasionale neiging van weer die kleindorpse gaan opsoek. Kyk maar hoe groei Loxton, Greyton en Clarens. Die literêre skrywer vra egter altyd vrae oor moderne neigings en Warrington skroom nie om die mooi én die lelik van ’n kleindorpse verblyf aan die kaak te stel nie.

By Wenkbrou verskyn daar in Junie ’n roman met die titel *Sypaadjie*, deur Alma Rossouw. Die siniese leser sal hierdie verwysing daarin na diegene wat uit die pad van gevaar wil bly, dalk waardeur: “Die drinkers sit in die middel van die pad en wag vir die

drawwers en dansers om te besef dat almal eendag doodgaan.”

Markus Zusak het in sy briljante roman *The Book Thief* die leser genooi om met die dood te dans. LAPA en Wenkbrou nooi die leser om, met wenkbrou omhoog, die kleurpalet tussen swart en wit te verken. ♣

DEUR IZAK DE VRIES

RÉNEY WARRINGTON
FOTO: HANNELIE COETZEE

